

**19 Maart**

**Skrifgedeelte: Jeremia 26**  
**Fokusgedeelte: Jeremia 26:8-16**

### **Die waarheid oorwin**

Jeremia verkondig dat die Here die stad met tempel en al gaan verwoes indien Israel hulle nie bekeer nie. Tot nou toe het God se oordeel net die volk bedreig, maar nou word ook die tempel bedreig. Die koningstad van Dawid sal platgevee word. Hierdie profesie was vir Juda onaanvaarbaar en daarom het die profete en priesters Jeremia tot die dood veroordeel. Om die vonnis te bekragtig is die vorste van die stad ook in die tempel byeengeroep. Die bedreiging teen Jeremia se lewe neem toe. Hy besluit egter om, ongeag die lewensgevaar waarin hy verkeer, steeds net die waarheid te praat. Die waarheid oorwin deur ommekeer te bring, eerstens by die vorste en dan by die volk. Onder hulle druk gee die profete en priesters later toe om Jeremia se lewe te spaar. Die waarheid hou so dikwels vir 'n mens 'n bedreiging in: Sou ek net die waarheid vertel, gaan ek veroordeel word, die saak gaan verkeerd loop of ek gaan nie simpatie vir my standpunt kry nie. 'n Verdigsels, met so 'n ietsie van die waarheid daarby, klink darem meer aanvaarbaar en kan die beeld verander. Jeremia kon dit seker ook gedoen het, maar hy besluit op die waarheid. In plaas daarvan dat die vorste en die volk Jeremia veroordeel, soos die profete en priesters verwag het, spreek hulle hom vry op grond van die waarheid. Dit is die regte en die goeie weg om te volg, want die Here laat die waarheid altyd seëvier.

*Sing: Psalm 15:2*

*Ds DL de Beer (Emeritus)*